



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas



IS DIE AFRIKANER GEDOEM?

Onlangs het RSG (Radio Sonder Grense) in die program *Loslip* 'n debat uitgesaai oor 'n uitspraak van die Boerestaatparty. Hierdie regse party het onlangs 'n uitspraak gemaak dat Afrikaner-ouers meer as net een of twee kinders moet kry. Dit moet weer wees soos dit in die jare 1920–1960 was, toe gesinne met ses tot tien kinders algemeen was onder die Afrikaners. Die motief vir hierdie uitspraak is ongelukkig polities van aard: Die aantal Afrikaners is besig om te daal teenoor die ander bevolkingsgroepe waarvan die kindertal styg. Hulle gaan BAIE meer word as die blankes en dit is dan kwansuis 'n bedreiging.

Tydens die *Loslip*-program was daar groot konsensus dat die kindertal van alle bevolkingsgroepe nog verder moet daal as twee of drie kinders per gesin. Die wêreld is oorbevolk en om redes soos die volgende kan die kindertal nie styg nie: die koste om kinders te kry is hoog; minder kinders is beter vir die omgewing; die kwaliteit van lewe is beter as daar net een of twee kinders is; ons is nie konyne nie; ensovoorts.

Maatreëls wat voorgestel word om die kindertal laag te kry en te hou, is om China se manier van beperking van die kindertal te volg. Ouers moet beboet word met belasting as hulle meer as twee kinders het, en 'n man en vrou moet na twee kinders gesteriliseer word. Ja, dit is wat ons mede-Afrikaners voorstel.

Hoe staan ons as Gereformeerdes daarteenoor? By ons gaan dit nie altyd beter nie. Ons kindertal is ook maar laag. Daarom sou 'n oproep om meer kinders by gelowige ouers op sy plek wees. In die Free Reformed Churches in Australië is sewe tot tien kinders baie algemeen. Daarom groei die kerke so mooi. Die Here seën hulle daarin. By ons is die groei beperk en selfs negatief.

Sal die Afrikaner, waarvan ons deel is, bly voortbestaan? My antwoord is: ek wonder. Na alle waarskynlikheid nie. Daar is baie ander redes waarom die Here sy seën van die Afrikaners kan wegneem. Laat ek 'n paar noem: dwaalleer in die kerke; onetiese handeling in die sakewêreld; grootskaalse materialisme; grootskaalse emigrasie; ongereformeerde wetenskapsbeoefening; liberalisering van die kerke; dekadensie in die Afrikanerkultuur. Die Here is lankmoedig en sal lank wag voor die Afrikaner kan verdwyn. Hy sal ook die Afrikaners spaar wat Hom dien, al is die "volk" afvallig. Hy spaar altyd sy kinders deur verdrukking heen. Ook by die ander volke doen Hy dit.

Dit is natuurlik nie net die Afrikaner wat van die aarde kan verdwyn nie, maar ander volke ook. Ten spyte van ons sondes sal die Here die lot verander van dié uit die Afrikaners wat hulle tot Hom bekeer. So staan geskrywe van heidense volke wat deur die Here verdoem is, aan die einde van die boek Jeremia (hoofstukke 48 en 49). Die Here sal die res wat Hom dien, spaar. Is dit nie 'n fantastiese belofte in die lig van die huidige situasie nie? Laat ons teruggaan na die Here en ons sal lewe, ons en ons kinders. Sy opdrag om die kerk te laat groei deur geboortes, bly altyd daar.

Prof Hans Boon

Jaargang 21 no 7 Julie 2012

- Die betekenis vir Sara se begrafnis vir Afrika 2
- Kernuus uit Nederland 4
- My hart verlang na U ... 6
- Christelike toegewydheid as stedelike toegewydheid? 9
- Twee siek ampsdraers 13
- Courageous – Honor begins at home 15
- Skildery en nasiebou .. 17
- Eerstelinge van God – onderwys uit die verbond 19
- Boekenuus 22
- Reaksie 23

Die BETEKENIS van SARA SE BEGRAFNIS vir AFRIKA – Genesis 23

Uit die Bybel

Genesis 23 gaan oor 'n begrafnis. Die manier waarop jy jou geliefdes begrawe, sê veel oor jou geloof. Of dalk jou gebrek aan geloof. Dit sê veel oor jou toekomsverwagting. So was dit ook by Abraham.

Genesis 23 gaan oor 'n daad van geloof deur Abraham. Dit was die allereerste keer dat hy die plaaslike inwoners – die Hetiete – genader het met die versoek: Kan ek grond koop? Want ek wil my vrou begrawe.

Abraham aarsel in kleingeloof

Die tyd toe Sara gesterf het, was Abraham nog 'n vreemdeling in Kanaän. God het hom geroep om uit Ur weg te trek. Hy moes die plek van sy voorvaders agter hom laat, en moenie vergeet nie, ook hulle gode. Abraham het geen enkele waarborg gehad dat hy in Kanaän iets sou ontvang nie, behalwe vir die belofte van God. In die nuwe land het hy 'n nomadiese bestaan geleë. Dus, hoewel God hom die land belof het, het hy tog 'n vreemdeling daarin gebly. Die land was in die hande van ander volke, soos die Hetiete.

Nie dat Abraham 'n arm man was nie. Die HERE het hom materieel geseën. Hy het 'n invloedryke man geword. Hy het genoeg geld gehad om grond te koop. Maar om een of ander rede het dit nie gebeur nie. Waarskynlik was die Hetiete nie baie gretig om land aan vreemdelinge te verkoop nie. Daar is dalk nog 'n tweede rede: kleingeloof. Hoewel Abraham ryk geword het in die nuwe land, het die vraag tog gebly: beskou hy en sy gesin Kanaän werklik as die plek om te bly? Was daar nie 'n kans, as Abraham oud geword het, dat hy sou besluit om terug te gaan na waar hy vandaan gekom het nie? Om daar begrawe te word in die grafkelder van sy eie familie? In Ur, by sy voorvaders?

God bring Abraham tot die punt dat hy sy kleingeloof oorwin

Maar dan sterf Sara. En sy word wel in Kanaän begrawe. Abraham kon ook anders besluit het. Hy kon haar liggaam ook – soos die Egiptenaars gewoon was – laat behandel het om 'n mummie te word. Dan kon hy haar terugneem na Ur, om haar in die familiegraf te begrawe. In daardie dae

was dit belangrik om by jou familie, jou voorvaders, begrawe te word. Maar Abraham het sy vrou se liggaam dus nie na Ur teruggevat nie.

Ons weet dat so iets later wel sou gebeur met die liggaam van Josef. Josef het in Egipte gesterf. Sy liggaam is gebalsem om 'n mummie te word. So is dit bewaar tot die uittog. Sy nakomelinge – die Israëliete – het sy gebeente, soos dit in Exodus 13:19 staan, saamgeneem na die beloofde land. Die feit dat Josef op sy sterfbed opdrag gegee het om dit te doen, was 'n teken dat hy God se belofte geglo het, naamlik dat die stamme van Israel nie vir altyd in Egipte sou bly nie, maar dat God hulle sou terugbring na die beloofde land. Daarom moes sy beendere bewaar word tot die dag van die uittog. Hy het nie geweet hoe lank dit sou duur nie. Ons weet dat dit meer as vierhonderd jaar geneem het! Tog het dit gebeur! Moses het Josef se stoflike oorskot saamgevat. Nadat die Israëliete hulle in die beloofde land gevestig het, is sy beendere begrawe, soos ons in Josua 24:32 kan lees. Dit was 'n daad van geloof.



Skildery van Van Gogh, spelonk van Magpela


Genesis 23 gaan oor 'n daad van geloof deur Abraham. Dit was die allereerste keer dat hy die plaaslike inwoners – die Hetiete – genader het met die versoek: Kan ek grond koop? Want ek wil my vrou begrawe.

Hierdie was 'n oomblik van groot belang. Dit was die allereerste keer dat Abraham eiendom in besit neem in die beloofde land. Hier begin dit duidelik word dat Abraham God tog wel vertrou. As Gó my hierdie land belof het, hoekom sou ek dan nie eiendom koop nie? Genesis 23 bevat die koop- en verkoop-kontrak. In daardie dae het dit nie op papier gebeur nie, maar mondeling. Alle vereiste inligting word genoem, ook die prys. Abraham is bereid om die volle prys te betaal. Hy ding nie af

nie. Dit moes vir almal duidelik wees dat hy die graf wettiglik gekoop het. Hier het God – *de facto* – begin om die beloofde land aan Abraham en sy nageslag te gee. Hy bring Abraham tot die punt dat hy sy kleingeloof oorwin. Dit was 'n belangrike stap na die toekoms van die uitverkore volk. Uitverkore om juis in hierdie land geboorte te skenk aan die Redder van die wêreld.

Hierdie is 'n keerpunt in Abraham se lewe. Hier besluit hy om vir goed te bly. Hier oorwin hy sy kleingeloof. In Hebreërs 11:15-16 lees ons: "as hulle bly dink het aan dié vaderland waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer. Maar nou verlang hulle na 'n beter een, dit is 'n hemelse."

"The Burial of Sarah" by Gustave Doré



Doré Bible Illustrations • Free to Copy www.creationism.org/images/ Gen 23:19 And after this, Abraham buried Sarah his wife in the cave of the field of Machpelah before Mamre: the same is Hebron in the land of Canaan.

Tekening van Gustave Doré

Sara se begrafnis word 'n getuienis

Die feit dat Abraham die grafkelder gekoop het, was 'n geloofsaad. In hierdie verband is daar nog 'n belangrike aspek. As 'n plek naamlik aan jou behoort, kan jy ook bepaal wat daar gebeur. Sê nou maar Abraham sou toegegee het dat sy vrou in een van die Hetiete se grafkelders begrawe kon word – soos hulle aangebied het. Dan moes hy hom ook aan hulle voorwaardes hou. Sou die Hetiete dit aanvaar as hy die begrafnis op sy manier wou doen? Naamlik in ooreenstemming met sy geloof in die lewende God, en nie volgens hulle heidense gewoontes nie? En wat van later? Hoe lank sou hulle toelaat dat haar liggaam daar

lê? Sou haar liggaam ook betrek word in die heidense rituele wat hulle vir die dooies opgevoer het? Begryp u die ekstra rede hoekom Abraham daarop aandrang om die grafkelder te koop? Daar was naamlik 'n verskil in die lewenswyse van Abraham en die Hetiete. Deur die graf te koop, kry Abraham die kans om die lewende God te dien ook op die manier waarop hy sy vrou begrawe. So kon hy aan die heidene getuig van sy geloof.

Begrawe in Afrika

Die manier waarop jy jou geliefdes begrawe, sê veel oor jou geloof.

Die manier waarop jy jou geliefdes begrawe, sê veel oor jou geloof. Begrawe jy jou geliefde met 'n kombers? Daaruit spreek die ou geloof dat die gestorwene nog 'n ver reis moet aflê in die hernaams. Hy kan dalk koud kry oppad. En mag mens 'n plegtigheid hou om die grafsteen te onthul? Mag 'n mens dan met die gestorwene praat? Hierdie is wesenlike vrae in die sendinggemeentes. Vanuit die Bybel kan ons antwoorde hierop gee. 'n Gelowige wat sterf, gaan direk na God in die hemel – 'n kombers is dus nie nodig nie. Die Bybel leer ons ook dat daar geen kommunikasie moontlik is tussen die lewendes en die dooies nie. Dit maak dus nie sin om die oorledene in die graf aan te spreek nie. Ja, die manier waarop jy jou geliefde begrawe, sê baie oor jou eie geloof.

Wanneer daar 'n begrafnis in die sendingskerke plaasvind, is dit ons intensie om ook daarmee van ons geloof te getuig. Elkeen wat in Christus sterf, is nou in die hemel. En sy/haar liggaam sal herrys die dag waarop Christus terugkom. As daar 'n begrafnis plaasvind, kan ons nie net die wense van die familie honoreer nie – hoe hulle wil hê die begrafnis moet plaasvind nie. Ons streef daarna om begrafnisse so uit te voer dat die evangelie nie in gedrang kom nie. 'n Bybelse begrafnis is nie dieselfde as 'n Afrika-begrafnis nie. 'n Bybelse begrafnis is ook nie dieselfde as 'n Europese begrafnis nie.

Jy en ek ken nie die dag van ons sterwe nie. Ons ken wel die belofte van God: *aan jou sal ek hierdie land gee*. Of met die woorde van Jesus: *Salig die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe* (Matt 5:5).

Ds PG Boon is sendeling in Soshanguve.

KERKNUUS

Kerknuus uit Nederland

“Brede steun synode voor sterkere TU”

Om 'n sterker Teologiese Universiteit te verkry, word gekyk na die gepaste ligging vir die universiteit, internasionalisering, Engelstalige *master*, 'n leerstoel Christelike Identiteit, samewerking met die Teologiese Universiteit Apeldoorn.

“Brede steun synode voor sterkere TU”. So tussen die koffie deur bekyk ek hierdie interessante opskrif op my rekenaarskerm (ons lees die digitale weergawe van die *ND...*). Wat sou bedoel word met ‘sterkere’? 'n Verduideliking volg, waarin die joernalis na verskillende sake verwys, soos samewerking met ander verwante teologiese opleidings in binne- en buiteland, die instelling van 'n buitengewone leerstoel Christelike Identiteit, 'n ondersoek na die voor- en nadele van 'n vertrek uit Kampen, die invoering van 'n Engelstalige *master* en die goedgekeurde plan om saam met die Gereformeerde Hogeschool en die kerklike Centrum Dienstverlening 'n nuwe Praktysentrum vir die kerke op te rig... . Die res van die artikel gaan egter veral oor die samewerking met die TU Apeldoorn. Dus kyk ek op die webtuiste van die GKv self (www.gkv.nl) vir meer inligting. Hier is 'n ietwat beter verslag van wat op die sinode bespreek en besluit is. 'n Verslag wat ek graag met die *Kompas*-lesers wil deel:

Nuwe dosent



welkom die sinode die kraakvars universiteitsdosent **dr Koert van Bekkum**.

Die ontmoeting vandag tussen die sinode en verteenwoordigers van die Theologiese Universiteit Kampen is gekenmerk deur gevoelens van groot verbondenheid en eenheid. Die voorstel van die TU wat nog op die sinodetafel lê, is in sy geheel aangeneem, met die uitsondering van 'n paar klein wysigings. Ook ver-

Van Bekkum het die sinode persoonlik toegesprek. In sy toespraak het hy gewys op die twee groot liefdes in sy lewe, naamlik die Ou Testament en joernalistiek. Daarby vertel hy dat sy hart tog die meeste getrek word na die teologie. Maar dit wil natuurlik nie sê dat sy afskeid by die *Nederlands Dagblad*, waar hy nou adjunk-hoofredakteur is, hom nie swaar sal val nie. Van Bekkum sal 'n deel van die werk van prof G Kwakkel oorneem, wat vir die helfte van sy werk betrokke is by die teologiese opleiding by die Faculté Jean Calvin in Aix-en-Provence, Frankryk.



Theologiese Universiteit Kampen

Gepaste ligging

Die sinode het besluit dat die TU moet ondersoek of dit werklik noodsaaklik is dat die plek waar die universiteit geleë is, moet verander. Volgens die sinode moet dit 'n breë en openlike ondersoek wees. Die voorstel van die TU om veral die moontlikhede van 'n groot universiteitstad te ondersoek, is deur die sinode verwerp. Sy is van mening dat alle moontlikhede bespreek moet word, en dat die ondersoek nie by voorbaat moet fokus op 'n plek in 'n groot universiteitstad nie. Die TU moet op die sinode in 2013 of 2014 van hierdie haalbaarheidsondersoek verslag doen.

Internasionalisering

Ten opsigte van internasionalisering het die TU te make met 'n akademiese en 'n ekumeniese lyn. Die ekumeniese lyn het betrekking op die ondersteuning van opleidings waar onderwys en navorsing nog nie op die vlak is soos wat dit by die TU die geval is nie. Versterking hierin word nagestreef d.m.v. 'n meer direkte samewerking met

deputate Zending, Hulpverlening en Training (ZHT), De Verre Naasten (DVN) en die GKv-kerke. Dit gaan hier oor die uitruil van teologiese kennis via sendeling-onderwysers en gasdosente, en ook oor buitelandse studente wat in Kampen wil studeer of promoveer. Die taal waarin die onderwys aan die TU gegee word, is hierin van kardinale belang. ZHT en DVN beskik oor 'n groot internasionale netwerk waarvan die TU ook gebruik kan maak. Hierdie voorstel tot nouer samewerking tussen TU en ZHT en DVN word van harte deur die sinode aanbeveel.

Engelstalige master

Die onderwystaal is ook vir die akademiese lyn van belang. Die sinode het daarom aan die TU toestemming gegee om 'n Engelstalig *master*-studie vorm te gee. Dit sou dan 'n volledige nuwe *master*-studie word, wat gerig is op buitelandse studente. Die Engelstalige *master* is van belang vir die benodigde versterking van die internasionale posisie en die aantrekkingskrag van die TU vir buitelandse studente uit gereformeerde kerkgemeenskappe.

Leerstoel Christelike Identiteit

Ook het die Sinode besluit dat 'n buitengewone leerstoel 'Christelike Identiteit' vorm moet kry. Die leerstoel sou 'n sinvolle bydrae kon lewer tot die besinning op die lewe en werk van Christene in die samelewing. Die TU ervaar dit as 'n opdrag en 'n uitdaging om, saam met ander deelnemers, d.m.v. hierdie leerstoel 'n groter bydrae te kan lewer in die deurwerking van 'n Bybelse, Christelike en gereformeerde visie op ander sektore van die samelewing, soos bv. onderwys, politiek, (mediese) wetenskap en kultuur. Die sinode ondersteun hierdie uitgangspunt van die TU en het daarom opdrag gegee om hierdie plan verder uit te werk en in die praktyk vorm te gee.

Universitêre samewerking



Vir samewerking met ander teologiese instellings gaan die TU wye om haar heen kyk. Sedert 2002 werk die TU op ondersoeksgebied direk saam met

die **Theologiese Universiteit van die Gereformeerde Kerke te Apeldoorn (TUA)**. Vir die tydperk 2012-2017 is daar onlangs nog drie nuwe gesamentlike ondersoekprogramme voorgestel. Die afgelope tyd is daar, met die oog op die versterkte posisionering van gereformeerde

teologiese onderwys en navorsing, gesoek na verbreding en verdieping van hierdie samewerking. Die instandhouding van 'n eie opleiding vir predikante en die handhawing van die unieke posisies van beide universiteite bly daarby 'n belangrike vereiste. Die TUA het ook aangedui dat 'n samesmelting van Kampen en Apeldoorn nie op kort of lang termyn 'n opsie is nie. Daarom is Kampen op soek na ander samewerkingsmoontlikhede met soortgelyke opleidings. Die sinode het opdrag gegee om op hierdie pad verder te gaan en daarby direk te reageer op nuwe moontlikhede.

Koste

Bogenoemde 'versterking' van die TU hou 'n koste in van €217 000 per jaar vir die kerke; 'n bedrag wat heelwat laer is as die €342 000 per jaar wat die sinode verlede jaar vir die planne begroot het. Die kerke hoef nou €200 000 minder te betaal, ook a.g.v. die nuwe owerheids subsidie van jaarliks €1 250 000. 'n Eenmalige bedrag van €35 000 word deur die sinode beskikbaar gestel vir die 'verhuizingsonderzoek'. Die sinode-deputate 'Finansies en Bestuur' het die sinode egter gewaarsku dat die bydrae van die kerke onder druk staan. Die huidige finansiële krisis en die tekort van €53 miljoen in die finansiering van die vrygemaakte predikantspensioenfondse vererger die probleem. Om dié rede het hulle moeite met die ekstra geld vir die universiteit. Die sinode self stem egter nie met hierdie mening saam nie.

Vervolg

Half September kom die voortgesette sinode van Harderwijk nog 'n keer bymekaar vir die bespreking van die Werkorde (nuwe kerkorde). Dan sal die sinode die verskillende artikels een vir een bekyk en besluit watter artikels wel of nie aangeneem gaan word nie.

'n Verslag hieroor sal u as *Kompas*-lesers waarskynlik nie meer uit Eemdijk ontvang nie, aangesien dit my laaste bydrae vanuit Nederland is vanweë ons vertrek na Armadale, Australië. Van my kant, baie dankie vir die saamlees en die positiewe reaksies wat ek gekry het. Gods seën toegewens vir die toekoms.

Ds Axel Hagg is predikant van die Gereformeerde Kerk (vrygemaakt) Eemdijk, Nederland.

MY HART VERLANG NA U

- Verslag van die Vrouesaamtredag Gauteng op 26 Mei 2012

Kerknuus uit Suid-Afrika

Op Saterdag 26 Mei 2012 was dit weer tyd vir die jaarlikse Vrouesaamtredag. Hierdie jaar is dit in die kerkgebou van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata gehou. Daar was vroue van die gemeentes van Pretoria, Pretoria-Maranata, Johannesburg, Bethal, Soshanguve, Mamelodi en Akasia. Ook was daar vroue van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar.

Die onderwerp van hierdie dag was: **My hart verlang na U, die plek van geloofsbeleving in ons geloof.** Die onderwerp is ingelei met 'n referaat deur ds Jelle Drijfhout. Na die referaat was daar geleentheid om vrae te vra, waarvan goed gebruik gemaak is. Dan was daar ook vyf werkswinkels oor hierdie tema. Verder was daar twee pragtige skyfievertonings, waarin ons ons kon verwonder oor God se pragtige natuur en hoe dit ons geloofsbeleving ondersteun. By dit alles het die susters van die Maranata-gemeente ons innerlike goed versorg.

Geloofsbeleving : Emosiekultuur teenoor verstandskultuur

Voordeel verstandskultuur:

⇒ Bybelkennis is belangrik

Nadeel verstandskultuur:

⇒ Skrifkritiek het ontstaan

Voordeel emosiekultuur:

⇒ Daar is aandag vir geloofsbeleving

Nadeel emosiekultuur:

⇒ Eie waardes word gevolg

Vandag leef ons in 'n emosiekultuur (post-modernisme); die emosie word belangriker as die verstand geag. Dit in teenstelling tot die vorige eeu, toe daar 'n verstandskultuur (modernisme) geheers het, waar die verstand die gevoel oorheers het. 'n Mens kan nie sê dat een van die twee kulture beter of slegter as die ander een is nie. Al twee die kulture het sy nadele en sy voordele. (Pred 7:10)

In die verstandskultuur is daar so baie op die verstand vertrou dat God nie meer nodig was nie.



Ds Jelle Drijfhout

Verstand het 'n afgod geword. Vir die geloof het die verstandskultuur voordele en nadele ingehou. Omdat verstand belangrik was, was kennis belangrik en was Bybelkennis dus ook belangrik. Maar omdat daar meer op die verstand as op God vertrou is, het daar Skrifkritiek ontstaan.

As gevolg van oorloë was die mens teleurgesteld in die rede/verstand. Mense het besef dat wetenskap en logiese denke nie gelukkig maak nie. Die verstandskultuur/modernisme het verdwyn en die gevoelskultuur/post-modernisme begin sy verskyning maak.

By die post-modernisme speel die gevoel 'n groot rol. Die 'ek' kry die grootste rol. Die gevaar hiervan is dat die eie waarheid gevolg word en nie die waardes van die Bybel nie. Die gevoelskultuur beïnvloed ons almal. "Ek voel my nie tuis nie" is tipies van die invloed van die gevoelskultuur. Maar die voordeel van die gevoelskultuur is dat daar weer aandag vir die geloofsbeleving is.

Wat sê die Bybel oor geloofsbeleving?

Ons het 'n verbond met God; dis 'n liefdevolle verhouding wat God met sy kinders het (Ps 27:4, 42; 1 Petr 1:8). Sou hier geen gevoel by wees nie, sou dit leë woorde wees. Gevoel is 'n gave van ons Skepper, wat ons moet gebruik. Dat van ons mense dit moeilik vind om gevoel te wys, is omdat ons uit die verstandskultuur kom.

Maar vir God is die wys van gevoelens/emosies nie vreemd nie. Ons sien in die Bybel dat daar

emosies gewys word. Dink aan Dawid wat voor die ark gedans het, Mirjam wat gedans en op die tamboeryn gespeel het nadat die Israeliete deur die Skelfsee getrek het, Ninevé wat gerou het na Jona se profesie.

As die Gees in jou hart kom woon, neem Hy die leiding van gevoel en verstand oor. Die Heilige Gees doen dit met respek vir die mens wat jy is. Die geloof wat die Heilige Gees in jou hart werk, pas by jou as mens.


In Romeine 12:2 staan daar: "En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwning van die gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is." Geen enkele onderdeel van die mens ly nie onder die sonde nie. Alles (ook verstand en gevoel) moet onder die invloed van die Heilige Gees kom. As die Gees in jou hart kom woon, neem Hy die leiding oor gevoel en verstand oor. Die Heilige Gees doen dit met respek vir die mens wat jy is. Die geloof wat die Heilige Gees in jou hart werk, pas by jou as mens. Die verstandsmens sal meer 'n verstandsgeloof hê en die gevoelsmens meer 'n gevoelsgeloof. Ons moet ook respek vir die ander hê. Dus, ons moet die geloof van die ander nie opweeg teen ons eie geloof nie. Respekteer dit wanneer die ander meer gevoels- of meer verstandsgeloof het.

Geloofsbelewenis in die belydenis

'n Mens sou dalk dink dat die belydenis, wat oor geloofsdogmas handel, net 'n verstandsaak is. Maar die geloof is nie koud en kil nie. In die belydenis het die gevoel ook 'n plek. Daar is geen teenstelling tussen belydenis en gevoel nie. Die Dordtse Leerreëls staan bekend as die mees akademiese belydenisgeskrif. Maar wanneer ons die Dordtse Leerreëls lees, sien ons dat die gevoel wel deeglik 'n groot rol speel. Byvoorbeeld hoofstuk 3/4 artikel 13; hoofstuk 5 artikels 5,10,13,15. "God se aangesig is soeter as die lewe, maar wanneer God sy aangesig verberg, is dit bitterder as die dood", lees ons in artikel 13 van hoofstuk 5.

Wat is die plek van die belewing in ons geloof?

Die menslike gevoel en geloof kan uitmekaar beweeg. Ons sien in Psalm 73 dat Asaf die Here amper verlaat het. Ek, Asaf, het probeer om so goed te leef, maar wat help dit nou? Hy het in opstand teen God gekom. Sy geloof het daar-



onder gely. Wanneer ons gevoel uitgangspunt word van ons geloof, sal ons geloof verskrimpel as gevolg van dit wat in ons lewens gebeur. Dis nie ons gevoel wat uitgangspunt moet wees nie, maar God se beloftes.

Daar is geen teenstelling tussen belydenis en gevoel nie.

Die gids in ons lewe is die belofte, die Woord van God. Dan sal die geloof vanself volg. En as die geloof daar is, sal die ervaring/gevoel volg. Maar wanneer die geloof begin twyfel of die gevoel/ervaring nog wel byhou en agterom kyk, dan begin die geloof wankel. Om op die gevoel en ervaring te vertrou, doen geen goed aan ons geloof nie. Maar as ons God se belofte voorop stel, dan sal ons geloof ontwikkel en dan volg die gevoel en ervaring vanself.

Vandag het die geloof meer persoonlik geword. Dit het van die mense self geword. Dit is wins. Maar daar is ook gevare. Omdat die verstand nie meer belangrik is nie, is kennis ook nie meer belangrik nie. Die geloof word oppervlakkig.

Vandag het die geloof meer persoonlik geword. Dit het van die mense self geword, die mense praat vanuit die hart. Dit is wins. Maar daar is ook gevare. Omdat die verstand nie meer belangrik is nie, is kennis ook nie meer belangrik nie. Die geloof word oppervlakkig. Die kerk word ook oppervlakkig. Dan gaan mense die kerk verlaat. Ons moet die heilsame leer bly vashou. As in die kerk preke verander omdat die gevoel aangespreek word, is dit wins. Hoof en hart moet aangespreek word. Maar ons moet oppas dat die erediens nie blote vermaak word nie. Die verbruikersmentaliteit mag nie in die kerk posvat

nie. In die kerk moet altyd belewing sowel as kennis aandag kry, anders word ons geloof eensydig.



In die gevoelskultuur van vandag is dit veral die emosie blyheid wat oorheers. Daar is geen plek vir verdriet nie. Maar ons sien in die Bybel dat *al* die emosies 'n rol speel. Dink bv. aan hartseer, woede, verdriet, berou. In die gevoelskultuur is juis berou 'n emosie wat die eerste sneuwel. Maar God sien graag 'n gebroke hart. Wanneer ons nie smart het oor ons sondes nie, sal ons ook geen vergewing vra nie. Ons moet dus oppas dat ons in ons geloof nie by die emosie blydschap alleen bly nie. Dit sal ons geloof oppervlakkig maak.

Opsommend: Ons moet kerk wees in eie tyd (gebruik die winste van die gevoelskultuur) en teenoor eie tyd (stry teen die gevare van gevoelskultuur).

Vyf werkswinkels

Ons almal kon een van die volgende werkswinkels kies:

1. Skilder 'n psalm: kies 'n psalm, lees dit vir jousef deur en maak 'n skildery van hierdie psalm.
2. Blommerangskikking van 'n psalm: 'n groep van twee persone kry die opdrag om 'n psalm in 'n blommerangskikking uit te beeld.
3. Studie-opdrag: ondersoek die psalms n.a.v. tipe geloofsbelewing. Emosies: angs, vreugde, ontroering, woede, hartseer, geluk, onsekerheid, vertrouwe.
 - a. In watter psalm kom jy die emosie teen?
 - b. Hoe word dit ge-uiter?
 - c. Hoe word dit hanteer?
4. Wat is die verband tussen die emosie en die geloof van die digter?
5. Gespreksgroep: met behulp van prentjies bespreek 'n groep van ses persone 'n aantal vrae:

- a. Hoe ervaar jy God in jou lewe?
- b. Wie is jy voor God?
- c. Wie is God vir jou?
- d. Wat gee jou vreugde?
- e. Wat beteken geloof vir jou?
- f. Waaraan is jy geheg?
- g. Wat hou jou op hierdie oomblik baie besig?
- h. Wat is jou lewensmotto?
- i. Wat ontroer jou?
- j. Wat beteken die woorde 'God is liefde' vir jou?

6. Staptoer: julle stap twee-twee en praat met mekaar oor 'n paar vrae. Ondertussen soek jy dinge in die natuur wat jou verhouding met die Here uitbeeld:
- a. Watter Bybelteks is vir jou die mooiste en hoekom?
 - b. Wat was jou mooiste ervaring van God tot nou toe?
 - c. Wat was die moeilikste tyd in jou lewe en hoe het jou geloof in God jou toe gehelp?



Die Vrouesaamtredag was 'n pragtige dag. Ons het baie geleer, ons het baie geniet en ons het baie gesels.

Heleen Snijder is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.


CHRISTELIKE TOEGEWYDHEID as STEDELIKE TOEGEWYDHEID?

Deel II: Tim Keller se 'n *Bybelse Teologie van die Stad*

Samelewing



In die voorafgaande bespreking van Augustinus se *Die Stad van God* (Deel I van hierdie reeks) het ek op drie sleutelpunte klem gelê. Om op te som: die eerste was die onderskeid wat Augustinus getref het tussen die aardse stad/koninkryk as een wat gekenmerk word deur liefde vir die self en vir oorheersing, teenoor die hemelse stad/koninkryk as een wat gekenmerk word deur liefde vir God en die begeerte om te dien. Hieruit vloei die tweede punt voort, naamlik die behoefte om onself te herken as kortstondige aardse pelgrims en die feit dat hulle aan die hemelse stad behoort; hulle moet in die hier en nou sigbaar wees. Laastens was die derde punt die historiese konteks waarbinne Augustinus sy verhandeling geskryf het – die plundering van Rome in 410 en die feit dat die Christene grootskaals hiervoor geblameer is.



Tim Keller

Augustinus se boekdeel het ons teruggevoer tot ver in die verlede – 'n paar eeue na Jesus se kruisiging, en meer as 'n duisend jaar voor die Reformasie. Op 'n heel ander noot fokus hierdie tweede bespreking op Tim Keller se Christelike denke oor stede en die stad vanuit die gesigspunt van die hedendaagse New York City. Ek begin met 'n kort beskrywing om Keller se artikel deur 'n Bybelse Teologie van die Stad' in konteks te plaas.

Agtergrond tot 'n Bybelse Teologie van die Stad

New York City, wat vandag met meer as agt miljoen inwoners spog, het sy oorsprong te danke aan die stigting van 'n handelspos deur koloniste van die Nederlandse Republiek. Nadat dit in 1626 die naam New Amsterdam gekry het, het die stad en omliggende gebiede minder as 40 jaar later (in 1664) onder Engelse beheer gekom, waarna dit herdoop is tot New York. Vir 'n kort tydjie in die laat 16de eeu het die stad gedien as hoofstad van die Verenigde State, en dit is sedert 1790 die mees dig bevolkte stad in die land.

Daar is 'n aantal kenmerke waarvoor New York City besonder goed bekend is. Een daarvan is die hoogs diverse samestelling van sy bevolking. Die vroegste sensus van die stad se bevolking is in 1790 onderneem; toe reeds het daar, benewens die Engelse en Nederlandse meerderheidsgroepe, ook redelik groot gemeenskappe van Skotse, Ierse, Duitse, Franse en Walliese oorsprong

gewoon. In die 19de en vroeë 20ste eeu was daar twee groot immigrasiegolwe, waarvan die eerste meestal uit Ierse en Duitse immigrante bestaan het, en die tweede uit Sentraal- en Oos-Europese immigrante (veral uit Duitsland, Italië en Rusland; baie van hulle Jode). Hoewel die VS se immigrasiekwotas die stroom nuwe aankomelinge vanaf die 1920's tot die 1970's tot 'n dun straaltjie verminder het, het Amerika se deur teen die laat 1970's weer oopgegaan – hierdie keer vir immigrante vanuit elke uithoek van die aarde.

**Kenmerke New York City:
Hoogs diverse samestelling van sy bevolking, assosiasie met rykdom, brandpunt van verbruikerskultuur. Binne hierdie stedelike konteks het Keller die Redeemer Presbyterian Church in 1989 gestig.**

Terwyl immigrante dikwels die land van hul oorsprong verlaat weens redes soos oorlog, verdrukking of 'n algemene gebrek aan vooruitsigte, is die keuse van New York City as bestemming sterk beïnvloed deur die stad se beeld as 'n plek van welvaart en ekonomiese geleenthede. Hierdie assosiasie van die stad met rykdom is 'n tweede belangrike kenmerk.



So funksioneer New York City se finansiële sentrum wat rondom Wall Street in Lower Manhattan geleë is, steeds as die finansiële hoofstad van die wêreld (ten spyte van die ekonomiese afswaai) en is dit die tuiste van die New Yorkse Aandelemerk – die grootste van sy soort. Net anderkant dit is Manhattan se eiendomsmark geleë, van die duurste ter wêreld. 'n Derde kenmerk hou ook verband met die ekonomiese heerskappy van Lower Manhattan: New York City as brandpunt van die verbruikerskultuur (inkopies en vermaak).



Binne hierdie stedelike konteks het Keller die Redeemer Presbyterian Church in 1989 gestig. Waar die jong gemeente uit slegs 50 mense bestaan het, het daar teen 2008 sowat 5000 mense elke Sondag na

Redeemer gekom. In 2006 het die *New York Magazine* Keller beskryf as “die suksesvolste Christelike evangelis in die stad” weens sy fokus op jong stedelike professionele mense, wat volgens hom ‘buitensporige invloed’ op die Amerikaanse kultuur het.ⁱⁱ Keller is na bewering sku om ‘evangelies’ genoem te word weens die politiese en fundamentalistiese konnotasies wat dit in die VS het, en verkies om homself ‘ortodoks’ te noem om sy gehoorsaamheid aan die Goddelike gesag van die Skrif aan te dui.

Keller se Teologie van die Stad: 'n Oorsig

In 'n *Bybelse Teologie van die Stad* begin Keller deur daarop te wys dat, hoewel God daarvoor gekies het om die mensdom in 'n tuin tot stand te bring, Hy deur sy verlossingswerk vir ons 'n stad wil bou – die Nuwe Jerusalem. Daarom, sê hy, is God se doel vir die mensdom stedelik van aard; en dit is duidelik dat die stad 'n uitvinding en ontwerp van God is, nie slegs 'n sosiologiese verskynsel of 'n menslike uitvinding nie. Keller bring hierdie opmerkings in verband met God se opdrag aan Adam en Eva om die aarde te vul en daaroor te heers (Gen 1: 28). Deur hierdie opdrag het God Adam en Eva beveel om 'n God-vererende beskawing te bou, wat in die lig van Openbaring 21 en 22 se beskrywing van die Nuwe Jerusalem beteken dat hulle stadsbouers moes word. Keller maak die stelling dat stede 'n Goddelike voorskrif is, net soos om te werk en te trou; inderdaad snoer stede menslike talent en hulpbronne saam en ontgin dit die menslike potensiaal vir kulturele ontwikkeling soos niks anders nie.

As 'n leefvorm wat deur God ontwerp is, is die vraag hoe die stad daartoe in staat is om 'n Christelike kultuur en 'n God-vererende beskawing te ontwikkel? Hier bespreek Keller drie kenmerke van die stad. Eerstens is die stad 'n plek van toevlug en veiligheid. Met God se opdrag aan Israel (Jos 20) om vrystede in die Beloofde Land te bou in gedagte, wys Keller daarop dat stede selfs vandag 'n genadige plek vir alle soorte minderhede is. Dit is so omdat die stad se digtheid die moontlikheid skep vir sterk

minderheidsgemeenskappe. Digtheid skep diversiteit. Die dominante meerderhede hou dikwels nie van stede nie, maar die swakkes en magteloses het stede nodig. Die tweede kenmerk is dat die stad 'n sentrum van kulturele ontwikkeling is. Met verwysing na Johannes se gesig van Babilon in Openbaring 18:22-23, wys Keller daarop hoedat selfs die beskrywing van die bese stad Babilon wys watter mag die stad het om te put uit die hulpbronne van die skepping, soos musiek en die kunste, vakmanskap en vervaardiging, handel en verkope, tegnologiese ontwikkeling en gesinsbou. Gevolglik daag die stad mense uit om hul selfvoldaanheid te laat vaar, kreatief te wees en hul kennis, vaardighede en toegewydheid te verbeter. Die laaste en derde kenmerk is dat die stad die plek is om God te ontmoet. Hier verwys Keller na God se skepping van 'n woestynstad toe hy die Israeliete opdrag gegee het om die tabernakel, die tent van ontmoeting, te bou (Ex 36:8-39:43), en na die aardse stad Jerusalem, wat 'n simbool en teken van die toekomstige stad van God word.

Die stad is 'n plek van toevlug en veiligheid. Die stad is 'n sentrum van kulturele ontwikkeling. Die stad is die plek om God te ontmoet.

Keller bespreek verder die uitwerking van die sonde op hierdie kenmerke, wat tot gevolg het dat die stad in 'n toestand van diepe gebrokenheid is. Waar stede veronderstel is om skuiling aan kwesbare mense te bied, word hulle onder die invloed van die sonde plekke waar rassisme, armoede en geslagsgeweld hoogty vier. Waar hulle veronderstel is om sentrums van Christelik-kulturele ontwikkeling te wees, word hulle gekenmerk deur trotsheid, arrogansie, oorlog, oorwerktheid en uitputting. Waar hulle moet dien as vergaderplekke vir Goddelike aanbidding, het geestelike rusteloosheid tot gevolg dat hulle broeiplekke vir sektes en valse gelowe word.

Keller se Benadering tot 'n Christelike Leefwyse en Bediening in die Stad

Onder die opskrif 'Hoe om in die stad te leef' gee Keller dan aandag aan die onderwerp van die twee stede/koninkryke. In elke stad op aarde, skryf hy, is daar twee koninkryke teenwoordig, twee stede wat meeding om oorheersing. Hulle is die stad van Baäl (of Satan...) en die Stad van God. Dit is die moeite werd om Keller breedvoerig aan te haal:

- Die stad van Satan vergoddelik mag en welvaart en menslike kultuur op sigself...
- Die stad van God word gekenmerk deur God Shalom (Jeru-shalom) – sy vrede. Sy vrede is 'n plek waar rentmeesterskap..., skepping, geregtigheid, barmhartigheid en regverdigheid lei tot harmonie en gesinsbou en kulturele ontwikkeling onder God se leiding.
- Christene moet die aardse stad sien as iets om lief te hê en te oorwin. Hulle moet dit oorwin deur sy shalom te soek (Jer 29), en deur te probeer om die stad van God daarin te versprei en die stad van Satan daarin te beveg.
- Ons moet raaksien dat, hoewel die stryd tussen hierdie twee koninkryke oral plaasvind... aardse stede die vlampte op die gevegsfront is, die plekke waar die stryd die hewigste is, waar die oorlog gewen kan word.

Hierdie punte gee daartoe aanleiding dat Keller kortliks uitbrei op die stedelike bedieningsmodel waaraan hy voorkeur gee. In hierdie model tree die kerk op as suurdeeg (Jeremia 29 word weer as verwysing gegee), en die aardse stad word simbolies erken as 'n slagveld wat oor eienskappe van beide Jerusalem en Babilon beskik. Christene moet dus nie die stad nòg verag, nòg weerspieël, nòg gebruik nie, maar hulle word ook opgeroep om die stad lief te hê deur dit terselfdertyd te verag, te weerspieël en te gebruik.ⁱⁱⁱ

In elke stad is daar twee koninkryke teenwoordig, twee stede wat meeding om oorheersing: hulle is die stad van Satan en die Stad van God.

Keller se benadering is merkwaardig op grond van sy uitgangspunt – die idee dat God Christene daartoe oproep om "stadsbouers" te wees – en sy stelling dat Christene die aardse stad moet "liefhê en oorwin". Vir een kritikus is laasgenoemde proposisie problematies, want dit "lyk asof dit die verantwoordelikheid vierkantig op die skouers van die gelowiges plaas om die [hemelse] koninkryk binne te lei en die kultuur te transformeer ... Die klem en verpligting wat die Bybel egter op gelowiges lê, is om die evangelie te deel, nie om 'n koninkryk binne te lei nie. Dit is alleenlik die voorreg en reg van die Messias."^{iv} Hier steek die debat dan weer kop uit oor die leer van die twee koninkryke, in besonder of dit meer toepaslik is om te dink in terme van twee koninkryke (een

aards/polities; die ander Goddelik/geestelik) of een stad wat nou onvolmaak bestaan, maar by Christus se wederkoms in 'n volmaakte koninkryk verander sal word. Hierdie kwessie is belangrik – maar dit hoef stellig nie bepalend te wees nie; (sien hieronder – vir hoe stedelike kerke hulself met betrekking tot die stad plaas). Om 'n te sterk klem op die onderskeid tussen die twee stede/koninkryke te plaas, is na Keller se mening die gevaar om die Kerk in 'n vesting te verander. Hoewel die kerk apart van die stad en 'n veilige plek moet wees, iewers waar gelowiges geestelik kan aansterk, is dit egter ook duidelik dat God sy lede oproep om die evangelie te verkondig (Mark 16:15), goeie burgers en leiers te wees (1 Petr 2:13-17; Spr 29:2, 4, 14), en die behoeftiges te help (Jes 58:6-7, 10).^v

Moontlik is dit die beste om oor die twee koninkryke-debat na te dink in terme van 'n produktiewe spanning, terwyl in gedagte gehou word dat die Stad van God, die hemelse koninkryk in die eerste plek, 'n belofte is wat slegs ten volle vervul sal word aan die einde van alle aardse tyd. Verder herinner die gedagte van die een koninkryk ons daaraan dat ons *in* die wêreld of *daarby betrokke* moet wees, terwyl dié van die twee koninkryke dit benadruk dat ons gedurig daarteen moet waak om *van* die wêreld of *gelykvormig daaraan* te wees.

Ter Afsluiting

Terwyl Keller, net soos Augustinus, ook die onderskeid tussen die aardse en die hemelse stad/koninkryk uitwys, wil dit voorkom asof Augustinus meer klem daarop plaas as Keller. Een rede hiervoor mag die verskille wees tussen die kontekste waarbinne hulle hul argumente ontwikkel het. Indien die val van Rome 'n situasie tot gevolg gehad het waarin die Christendom aangeval is, en waar Christene en nie-Christene nodig gehad het om vertroue te word en behoorlik daaraan herinner te word dat Rome slegs 'n aardse stad was, is die hedendaagse New York City met al sy diversiteit en rykdom 'n terrein wat ryp is vir evangelisasie. Met ander woorde, dit wil voorkom asof verskillende sosiale situasies verskillende aksente vereis en veroorsaak: wanneer die Kerk bedreig word of in 'n verswakte posisie verkeer, het sy lede behoefte daaraan om herinner te word aan hulle pelgrimstatus binne die aardse stad ('n verdedigende posisie), terwyl wanneer dit homself in 'n sterk(er) posisie bevind, sy lede beter daartoe in staat is om by hulle omgewing betrokke te wees ('n pro-aktiewe posisie).

Vir 'n kerk om 'gesond' te wees, is dit natuurlik vir sy lede nodig om te besef dat hulle *swak* (in

hulself) en tegelykertyd *sterk* (in die Here) is. Terwyl eersgenoemde dien om Christene daaraan te herinner dat daar slegs in God se beloftes hoop gevind kan word, en dat die kerk hul geestelike tuiste op aarde is, behoort laasgenoemde hulle aan te spoor tot 'n ware, geloofsgebaseerde ontferming oor en interaksie met die inwoners van die aardse stad/koninkryk.

Dr Mieke Boon is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.

ⁱ Tim Keller, 'A Biblical Theology of the City' (2000, beskikbaar by <http://www.e-n.org.uk/p-1869-A-biblical-theology-of-the-city.htm>).

ⁱⁱ Aangehaal op <http://nymag.com/news/features/influentials/16921/>.

ⁱⁱⁱ In sy verhandeling *Hart voor de Stad: Een Praktisch-theologische Studie naar Kansen voor Kerk-zijn in een Stedelijke Samenleving* (2003) teken Peter van de Kamp, professor aan die Teologiese Universiteit van Kampen (Broederweg), 'n positiewe beeld van Keller se 'Church of Redeemer' se benadering tot stedelike kerklike lewe en bediening. 'n Opsomming van Van de Kamp se studie is beskikbaar by http://www.tukampen.nl/cgi-perl/site/uitvoeroud.pl?var=pagina&menu=publicaties&pagina=info_pwvdk.

^{iv} Sam Horn, 'An Assessment of and Response to Tim Keller's Theology of the City' (2008, beskikbaar by <http://www.dbts.edu/pdf/macp/2008/Horn,%20Assessment%20Tim%20Keller%20Theology%20of%20City.pdf>). Horn verskil in besonder van Keller in verband met sy verwysings na Jeremia 29: 7, waar die Here die volgende sê in 'n brief wat Jeremia rig aan die Israëliete wat in Babilon woon: "...en soek die vrede van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, en bid daarvoor tot die Here; want in die vrede daarvan sal julle vrede hê." Horn argumenteer dat Keller hierdie teks nie behoorlik in konteks plaas met betrekking tot Jeremia 27 en 28 nie, wat getuig van God se komende oordeel oor Babilon. Wat hierdie oordeel betref, skryf Horn, "die doel van die gebed [vir die stad] is eerder gerig op die sekuriteit, veiligheid en welvaart van God se volk as op die van die stad waarin hulle woon."

^v Vir 'n onlangse bydrae van Keller tot die debat oor die twee koninkryke, sien sy blogboodskap van 15 Desember 2011 op <http://thegospelcoalition.org/blogs/tgc/2011/12/15/coming-together-on-culture-theological-issues/>. Vir 'n antwoord van Michael Horton op Keller se boodskap, sien <http://www.whitehorseinn.org/blog/2011/12/17/christ-and-culture-once-more/>.

TWEE siek AMPSDRAERS

Medies

Wat beteken dit om siek te wees? Is siek-wees deel van die heilshistoriese werk van ons Here Jesus Christus? Hoor ons iets oor God en siekte? Kan ons uit die Skrif leer wat die doel van lyding en siekte is?

Ds JJ Arnold skryf in sy boekie: *Wie is hier niet verlegen? pragtig oor die betekenis en doel van siekte.* Ons wil in hierdie artikel aandag gee aan twee siek ampsdraers in die Bybel. So wil ons verder dink oor die betekenis van siek-wees in die heilshistoriese werk van Jesus Christus.

Moses en Hiskia was ampsdraers in die kerk van die Ou Verbond. Moses het die volk van die Here gelei in 'n moeilike tyd van die heilsgeskiedenis. En later was Hiskia ook koning oor hierdie volk. Beide het siek geword. Die siekte van beide was verskillend. Tog het die HERE met die siektes van beide ampsdraers die voortgang van sy verlossingswerk gesoek.

Hy roep Moses op tot bekering en Hiskia tot verdere toegewyde diens in sy koninkryk.

Wanneer die Here ons genesing van siekte gee, wil Hy ons opnuut en sterker aan Hom verbind, om ons verder in sy koninkryk as profete, priesters en konings in te span.

Moses

Ons lees dat Moses siek geword het. Waarom het hy siek geword?

Die HERE het Moses beveel om die veilige Midian te verlaat en na die gevaarlike Egipte te gaan om die groot werk van God se verlossing te begin. Aanvanklik wou Moses nie gaan nie. Hy het probeer om te ontkom aan hierdie roeping. Daarom moes die HERE Moses behoorlik beetpak, sodat hy sou vertrek.

Ons lees in Genesis 4:20 dat Moses inderdaad Midian verlaat en na Egipte gegaan het. Maar die manier waarop hy gegaan het, was 'n belediging vir die HERE. Moses het nagelaat om sy seun te besny! Hierdeur het hy die verbond van die HERE verbreek (Gen 17:14). Nog kort gelede het die HERE so opvallend as die God van dieselfde verbond na Moses gekom (Ex 3:14 en 15). Die HERE het Hom voorgestel as die God van sy vaders, die God van Abraham, Isak en Jakob (Ex 3:15). Ja, sy verskyning was vol heerlikheid en

heiligheid toe Hy Moses by die brandende doringbos geroep het.

Maar terwyl Moses met sy vrou en kinders na Egipte vertrek, was dit nie die gevaarlike Egipte nie, maar die HERE Self wat die grootste gevaar vir Moses word. Ons lees: "En op die pad in die herberg het die HERE hom teëgekrom en wou hom doodmaak. Toe neem Sippora 'n skerp klip en sny die voorhuid van haar seun af..." (Ex 4:24, 25). Dit is moeilik om presies te bepaal wat hier gebeur het. Het die HERE Moses oorval soos vir Jakob by Pniël? Of het hy akute siek geword? Ons kan nie met sekerheid sê nie. Maar of dit nou 'n dodelike siekte was of 'n ander dodelike oorrumpeling, Moses was hier in 'n terminale situasie. Dit kon 'n hartaanval wees, 'n dodelike infeksie, 'n akute bloedkanker, of 'n fisiese oorrumpeling. Wat was die oorsaak hiervan?

Die antwoord is duidelik. Moses, die geroepe ampsdraer van God, het hom nie aan die verbond van God gehou nie. Op hierdie manier kan die HERE nie vir Moses in sy verlossingsplan gebruik nie. God het nie so 'n ongehoorsame ampsdraer nodig nie. Die HERE is besig om groot dinge te doen. Hy gaan sy volk uit Egipte verlos. Hy gaan dit op 'n wonderlike manier doen, soos Hy alreeds aan Abraham beloof het (Gen 15). Hy gaan sy volk na die berg Sinai lei om daar sy verbondswet te gee. Sy goeie wet vir die hele lewe. Hy maak sy volk 'n koninkryk van priesters en 'n heilige volk, afgesonder om nie uit roepingsverwaarlosing nie, maar uit roepingsparaatheid te lewe (Ex 19). Ja, maar dan moet die voorganger van hierdie volk ook sy verbond hou. Dit beteken dat die ampsdraer ook aan sy roeping gehoorsaam moet wees. Moses is terminaal as die hand van die HERE teen hom uitgestrek word. God se toorn het al vroeër ook teen hom ontbrand (Ex 4:14). Hier lees ons van Moses se besware waarom hy nie na Egipte wou gaan nie. Hy noem sy onvermoë om vlot te praat. Dan wys die HERE hom dat Hy wat roep, ook die gawes sal gee om die roeping te kan uitvoer.

Die oorsaak van Moses se siekte is die straf en toorn van die HERE. Die HERE dwing Moses weer tot gehoorsaamheid aan sy verbond. Om dit te bereik, tref die HERE hom dodelik. Sodat hy weer ampsdraer sal wees, weer wil buig onder die roeping van die HERE. Hierin betoon die HERE Hom juis in sy

toorn as die genadige God, wat sy dienskneg terugroep na die lewe in die verbond.


Ons het almal 'n roeping van die HERE ontvang. In die huis as ouers, in die opvoeding van ons kinders, maar ook in die werkplek as bouer of besigheidsman, ook in die wetenskap en kultuur. Die HERE roep ons in sy kerk en roep ons om nie die eerste liefde te verlaat nie: d.w.s. nie die verbond van die HERE te oortree nie. Dit geld vir al die lewensterreine!

Dan kan die HERE ook vandag 'n gewone griep, ernstige siekte, beenbreuk of ander siekte gebruik om ons weer te bepaal by die roeping wat ons in God se koninkryk het. Die HERE kan siekte gebruik om tydens verwaarlosing van ons roeping in sy diens ons weer die a-b-c van sy verbond te leer, nl. om te luister na sy Woorde, om ons in diens te stel van sy verlossingsgang, ook in ons eie tyd. Ook vandag is gehoorsaamheid beter as offerande.

Hiskia

'n Tweede siek ampsdraer: Hiskia het siek geword. Waarom het hy siek geword?

Hierdie koning was tog trou. Hy het hom tog aan die verbond van die HERE gehou. Hy het die HERE opreg gedien. In alles het hy die HERE geraadpleeg en gebid vir sy raad. Hy het niks gedoen wat teen die Woord van die HERE was soos wat Jesaja dit geprofeteer het nie.



Hiskia is siek

Tot drie keer toe word daar in die Skrif vertel van die siekte van Hiskia (2 Kron 32:24-33; 2 Kon 20:1-21; Jes 38). Dit is duidelik uit 2 Konings 20:3 dat Hiskia 'n godvresende man was. Daar

was niks tussen hom en die HERE nie. Na sy siekte is daar egter wel sprake van God se toorn teen die koning. Maar nie voor en tydens sy siekte nie.

Ons sou kon sê dat die koning 'gewoon' siek geword het. Net soos wat elke mens siek kan word. Toe Hiskia tot die HERE bid om beterskap, wys hy op die verbondstrou waarin hy gelewe het: "Ag, HERE, dink tog daaraan dat ek met 'n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed was in u oë." Ja, dit mag ons as kinders van die HERE doen. Dink maar aan hoe Dawid in Psalm 26 bid: "Doen aan my reg, o HERE, want ek wandel in my opregtheid en vertrou op die HERE sonder om te wankel" (Ps 26:1).

Die HERE het die smeekstem van Hiskia gehoor. Wat was die inhoud van Hiskia se gebed? Was dit die smeekstem om gesondheid ter wille van sy eie lewe? Wou hy graag weer gesond wees om sy eie stokperdjies te beoefen? Nee, ons lees iets anders in die Bybel. Dit gaan by Hiskia oor die lof aan die HERE. Om weer die trou van die HERE aan die kinders bekend te maak (Jes 38:19). Want die kinders moet uiteindelik die vaandel van die HERE verder dra. Hiskia bid om genesing sodat hy verder kan werk aan die reformasie van die kerk. Sy gebed is nie egosentrië nie, maar priesterlik en profeties wil hy sy roeping in diens van God se koninkryk voortsit. Dit sien ons ook duidelik in die lied van Hiskia. Hierdie lied sing hy nadat die HERE genesing geskenk het (Jes 38: 9-22). Die HERE verhoor die gebed van Hiskia. Hy herstel hom van die dodelike siekte. Weer eens weet ons nie watter siekte Hiskia presies gehad het nie. Ons kan dink aan 'n vinnig verlopende kanker, ernstige infeksie of 'n abses wat sistemies versprei het.

Waarom word Hiskia siek? Sy siekte was nie a.g.v. sonde soos by Moses en andere nie. Nee, Hiskia het soos 'n regverdige gewandel. **Die HERE wil Hiskia nog sterker bepaal by sy taak en roeping in die voortgaande reformasie van die koningshuis van Dawid. Dit is hierdie werk waaraan die HERE deur die siekte van Hiskia nog verdere stukrag wil verleen. Hiskia mag nog 15 jaar verder werk aan die reformasie van die kerk.**

En so kan die HERE ook vandag nog met sy regverdige kinders handel. As ons siek word, mag ons ook daaraan dink dat die HERE die siekte kan gebruik om ons nog vaster aan Hom te verbind. Ja, om ons verder aan sy koninkrykswerk te verbind. Die HERE kan ook óns siekte gebruik soos Hy heenwerk na die vervulling van sy beloftes.

Hiskia het geensins sy genesing verdien nie. Die feit dat hy gesond word, is alleen die genade van die HERE. Dit lees ons baie duidelik in 2 Kronieke 32:25. Die feit dat hy gesond geword het, was 'n weldaad van die HERE. Die HERE maak Hiskia gesond uit vrye guns alleen. Die HERE het sy bedoeling met die genesing van Hiskia. Die HERE doen dit nie omdat Hiskia so regverdig was nie. Nee, dit was 'n weldaad.

Ook die volk het nie die genesing van Hiskia verdien nie. Ook nie die genesing van 'n regverdige en vroom koning nie. Hiskia se genesing was niks anders as die goedertierenheid en genade van die HERE nie. Hiskia kry die geleentheid om nog meer in die koninkryk van God te doen. Hy mag weer doen wat goed is in die oë van die HERE. Want ag, hoe diep het die volk van God nie geval nie. En so sorg die HERE ook vir sy kerk deur hul gelowige ampsdraer, Hiskia, te genees. Ook vandag is die genesing wat die HERE skenk, slegs uit genade. As ons gesond word na 'n ernstige griep, is dit 'n weldaad van die Here. Ons mag uit die genesing van Hiskia leer dat die Here ook met ons genesing vandag 'n bedoeling het.

Hy wil ons opnuut en sterker aan Hom verbind, om ons verder in sy koninkryk as profete, priesters en konings in te span.

Hiskia het niks verdien nie! Hy mag lewe uit genade! Die genesende krag van die vyeblare en die vrugtesappe van die vyeboom is deur die genade van God voorsien.

As ons as gelowiges siek word, is dit dus nie maar net die gevolg van biomediese oorsake en gevolge nie, maar die HERE gebruik dit in sy koninkryksplan. Hy kan ons daardeur tot bekering en verdere toegewyde diens in sy koninkryk roep.



Prof Hanno Boon (1970-2004)

'n Verwerking van hoofstuk 2 van: *Wie is hier niet verlegen? Over ziekenbezoek.* Deur ds JJ Arnold. Oosterbaan en Le Cointre, 1988.

COURAGEOUS - Honor begins at home


Kuns & Kultuur

Courageous is 'n verhaal oor vier polisie-offisiere wat opnuut hul verantwoordelikheid as vaders van hul huisgesinne ontdek. Hulle word gekonfronteer met allerhande wêreldse verleidings, en selfs met die dood van 'n geliefde. Die film is gemaak deur die *Sherwood Baptist Church* in Amerika as 'n gemeente-projek. U ken waarskynlik van hul ander films, waaronder *Fireproof* en *Facing the Giants*.

Die film is spesifiek gemik op die rol van die man in die gesin asook die breë samelewing.

Tema

Waar die vorige films kinder-vriendelik was, is hierdie een minder geskik as 'n familie-film. Selfs gemeet aan wêreldse standaarde vir films dra hierdie 'dapper' film 'n PG-13 stempel. Die film is spesifiek gemik op die rol van die man in die gesin asook die breë samelewing. Vandaar ook die titel om manmoedig te wees om jou plek as Christen vol te staan. Vir my was 'n klomp van die tonele aksiebelaaie en dramaties – soort van gemik



op testosteron. Tog is die oorhoofse tema baie waardevol en prakties. Die moderne samelewing is veeleisend, en ook baie van ons manne swig onder die druk wat dit meebring, met die gevolg dat ons sukkel om ons dagtaak te balanseer met pa-wees in die gesin, om geestelike leiers te wees in die kerk, ens. Hoe dikwels gebeur dit nie dat ons tyd in beslag geneem word deur allerhande aardse dinge nie, ten koste van baie ander dinge wat meer ewigheidswaardes het?

Die gesin as basiese boublok in die samelewing – met 'n pa as die leier – kry baie aandag. Baie studies het ook die verband tussen allerhande probleme in die samelewing en gebroke gesinne ondersoek en getoon dat gesonde gesinne 'n baie gesonder samelewing tot gevolg het. Enige maatskaplike werker met 'n bietjie lewenservaring sal dit waarskynlik kan beaam. As daar binne jou huisgesin eer en respek is, sal dit ook uitstraal buitentoe.

'Resolution'

'n Aspek wat vir ons 'n bietjie vreemd op die ore val, is die idee van 'n formele belofte wat die manne in die film maak. Die voorneme bevat 'n mengsel van die beloftes wat ons ken as geloofs-belydenis (of in baptistiese terme 'n *geloofs*-doop), die troubeloftes by 'n huweliksluiting en ook doopbeloftes wanneer ons ons kinders laat doop.

'n Aspek wat vir ons 'n bietjie vreemd op die ore val, is die idee van 'n formele belofte wat die manne in die film maak.

Die inhoud daarvan is dus nie regtig nuut nie – dis net die gekombineerde vorm, maar die idee om dit formeel te herbevestig (kom ons neem maar aan hulle het reeds 'n soortgelyke belofte gemaak toe hulle getrou het), is 'n gebruik wat ons nie regtig ken nie. Hoe moet ons daarvoor dink?

Ons lees dikwels in die Ou Testament dat die HERE Self sy verbond met Abraham herbevestig, en van die beloftes word baie keer deur verskillende profete herhaal. Selfs het ons vandag nog die nagmaal, wat 'n seremonie is wat God se beloftes aan ons herhaal. Maar tog lê die saak in hierdie film anders: die inisiatief lê hier by die individu, by die mense wat 'n gelofte doen, en dit kom nie van God se kant af nie.

Tog het ons wel voorbeelde in sowel die Ou as die Nuwe Testament oor openbare geloftes wat gemaak is. Die voorbeelde is egter almal beskrywend, en nêrens voorskrywend nie. En dit word ook nie beoordeel nie. Die voorbeeld van Jefta

wys ons dat ons nie onverskillig daarmee moet omgaan nie. Tog moet ons versigtig daarvoor wees. Hoekom sou ons so iets *wou* doen? Enige menslike motivering impliseer dat die persoon self iets moet doen vir sy heiligmaking – wat lynreg indruis teen die beginsel van genade alleen. Is hierdie punt nie kenmerkend van die eeue-oue twis tussen die baptiste en die gereformeerdes nie?

Getuies

Tog erken die film dat mense ook swig onder wêreldse verleidings, en nie altyd hierdie beloftes kan nakom nie. Die plek van getuies wat teenwoordig was tydens die openbare beloftes word dan baie prakties uitgewerk, waar hulle 'n kollega en vriend tronk toe moet stuur. In ons moderne samelewing moet ook ons oppas dat die rol van getuies vervlak word tot net aanwesiges by die geleentheid sonder enige verpligtings.

Voorspoedsteologie

Die eerste aantal films van Sherwood het 'n dubbele dosis voorspoedsteologie in. Die films se resepsie is baie dieselfde: iets gebeur met die hoofkarakter wat hom laat beseef hy het God nodig; hy bekeer homself; en dan volg daar net voorspoed en geluk. *Courageous* is in dié opsig geen uitsondering nie, en die vereenvoudigde formule van as jy a,b en c doen, sal God jou seën met x,y en z, kom nog steeds redelik sterk deur. Daar word wel teenspoed en hartseer op die karakters se lewenspaaië geplaas, maar tog word die boodskap 'n klomp keer gepropageer – en die gelukkige einde versterk net die boodskap.

Die voordurende bekering, en gedurige val en opstaan, kry nie baie aandag nie.

Die voortdurende bekering, en gedurige val en opstaan, kry nie baie aandag nie. Die karakters is of goed of sleg – niks tussen-in nie. Tog is dit mooi om te sien dat die "bekering" in die film nie 'n sterk emosionele karakter dra nie, maar wel 'n terug-na-die-Skrif en diepgaande Bybelstudie oor wat die Skrif dan wel sê oor wat die rol van 'n man in die huisgesin moet wees.

Ten slotte

Iets wat my glad nie gepla het nie – waarskynlik my onge oefende oog – is die film se sterk prekerige element. Dit het egter baie kritiek ontlok vanuit die nie-Christelike en wêreldse resensente. Ons kan dit verstaan, omdat die *Sherwood*-films

begin het as 'n evangelisasie-uitreikaksie. Die tegniese kwaliteit van kamerawerk en toneelspel van *Courageous* is baie beter as *Sherwood* se vorige films. Maar nadat ek 'n klomp van die wêreldse resensies gelees het, het ek begin wonder of hulle hoegenaamd daarin slaag om nie-Christene te bereik?

Soos elders genoem, skemer die baptistiese elemente sterk deur – ook as jy byvoorbeeld kyk na die plek van die kerk. Gereformeerdes plaas baie meer klem daarop as die baptiste. Ook is die film baie Amerikaans in die ideologiese rasse-samestelling van die akteurs.

Ek sou hierdie film aanbeveel vir mans wat sukkel om die balans tussen kerk, huis en werk te vind (dis waarskynlik alle mans?)

Tog is die film ook plek-plek humoristies, wat die storie baie realisties maak. Vir die vroulike geslag kan dit nogal emosioneel uitputtend wees. Ek sou hierdie film aanbeveel vir mans wat sukkel om die balans tussen kerk, huis en werk te vind (dis waarskynlik alle mans?)

Saamgestel deur Gerhard Bijker, met insette van verskeie persone wat ook die film gekyk en beoordeel het.

I DO solemnly resolve before God to take full responsibility for myself, my wife, and my children. I WILL love them, protect them, serve them, and teach them the Word of God as the spiritual leader of my home.

I WILL be faithful to my wife, to love and honor her, and be willing to lay down my life for her as Jesus Christ did for me.

I WILL bless my children and teach them to love God with all of their hearts, all of their minds, and all of their strength.

I WILL train them to honor authority and live responsibly. I WILL confront evil, pursue justice, and love mercy. I WILL pray for others and treat them with kindness, respect, and compassion.

I WILL work diligently to provide for the needs of my family.

I WILL forgive those who have wronged me and reconcile with those I have wronged.

I WILL learn from my mistakes, repent of my sins, and walk with integrity as a man answerable to God.

I WILL seek to honor God, be faithful to His Church, obey His Word, and do His will.

I WILL courageously work with the strength God provides to fulfill this resolution for the rest of my life and for His glory.

SKILDERY en NASIEBOU

In Pers-pektief

“The Spear”

Mei 2012 sal die nasionale geskiedenis ingaan as die maand waarin die grense tussen vryheid van meningsuiting en persoonlike waardigheid in Suid-Afrika getoets is. Die opskudding en emosies rondom die satiriese skildery “The spear” (die spies) het 'n aantal sake duidelik uitgewys.

Vanuit 'n Christelike oogpunt moes die skildery nooit gemaak of tentoongestel gewees het nie. Die sake waaroor dit gaan, kon op 'n meer eerbare manier uitgebeeld en aangespreek gewees het.

Die belangrikste daarvan is dat Suid-Afrika se bevolking nog ver verwyder is van die ideaal van een “reënboognasie”. Emosies ten gunste van en teen die skildery het baie sterk skeidslyne gewys binne die bevolking en die politieke partye.

Wat ons daarvoor nog kan byvoeg, is dat Christelike standpunte hoegenaamd nie in die openbare debat gehoor is nie.

By die verklaring van die sesde gebod: “jy mag nie doodslaan nie” stel die ou leerboek van die kerk, die Heidelbergse Kategismus (HK), in antwoord 105: “Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie”. By die verklaring van die agste gebod: “jy mag nie steel nie” sê antwoord 111: “Ek moet die belange van my naaste waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat die mense my moet behandel”. En by die verklaring van die negende gebod: “jy mag geen valse getuienis teen jou naaste gee nie” in dieselfde trant (antwoord 112): “My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder”. Kyk net hoe aktueel is die HK nog na 449 jaar!

Ons aanvaar die HK as ons persoonlike belydenis, nie net vir die "leer" nie, maar ook vir die "lewe". Daar is dus geen twyfel dat vanuit 'n Christelike oogpunt die skildery nooit gemaak of tentoongestel moes gewees het nie. Die sake waarvoor dit gaan, kon op 'n meer eerbare manier uitgebeeld en aangespreek gewees het. Die doel heilig dus nie die middele nie. Maar blykbaar geld in die wêreld ander norme vir satire en spot.

Maar wat dan van die spotprente wat daagliks in die koerante verskyn? Ons kan partykeer smaaklik lag oor die uitbeelding van 'n persoon in 'n spotprent, wat sy/haar karakter, gedrag of mening duidelik in karikatuur uitbeeld. Solank dit egter op 'n eerbare manier gedoen word en die persoon self ook (smaaklik of "met kiespyn") daarvoor sal kan lag, sal dit nie in stryd wees met die hierbo aangehaalde kategismus-riglyne nie. Die bekende "storkop"-spotprente is dus eweneens onvanpas.

Nasiebou

Die skildery-voorval was dus beslis nie 'n positiewe gebeurtenis nie. Deur die huidige maatskaplike ontwikkelings vervaag (baie stadig) die rasgrense wat daar was. Meer en meer van ons het kollegas van ander kulture en rasse en kan goed met hulle saamwerk. Meer en meer van ons woon in woonbuurte met 'n gemengde bevolking. Tot 'n mens se verbasing blyk dit dat "hulle" in baie gevalle dieselfde belange het as "ons". Maar ongelukkig is die politiek en die vakbonde nog baie sterk gerig op rasbelange en polariseer hulle tussen "ons mense" en "hulle". Dit blaas juis die rasverskille in die samelewing aan, in teenstelling met die (ou?) ANC se politieke gerigtheid uit Mandela se dae.

Die politiek en die vakbonde is ongelukkig nog baie sterk gerig op rasbelange en polariseer hulle tussen "ons mense" en "hulle". Dit blaas juis die rasverskille in die samelewing aan, in teenstelling met die (ou?) ANC se politieke gerigtheid uit Mandela se dae.

Die ANC, SAKP en COSATU het die skildery onder almal se aandag gebring en vir "hul" president se waardigheid in die bresse getree. As hulle nie so'n bohaai daarvoor sou gemaak het nie, sou die land vir die grootste deel onbewus daarvan gebly het. So 'n skildery sou in Italië onder sy voormalige president Berlusconi nog meer van toepassing gewees het as op die persoon van president Zuma. Maar in Italië sou dié wat dit gesien het, waarskynlik net vir die grap gelag het en sou dit

beslis nie politieke of ras-verskille aangewakker het nie. In Suid-Afrika speel baie politieke partye en vakbonde ongelukkig nog die "rassekaart" om hul belange te behartig. Maar ons moet ons nie daarmee laat vang nie.

Een positiewe uitvloeisel van hierdie 'spies-episode' is egter die aankondiging van president Zuma, in sy parlementêre begrotingsrede van 30 Mei, dat die regering hernude aandag gaan bestee aan nasiebou. Dis opmerklik dat in die pers min daarvoor gemeld is. Maar die president of sy raadgevers het besef dat die verwickelings rondom die skildery gewys het hoeveel die nasie nog verdeel is in sterk teenoorgestelde kulture. As dit daar gelaat word, sal dit verder polariseer en dit kom die land nie ten goede nie. 'n Mens moet maar hoop dat die genooides 'n breë verteenwoordiging van die bevolking sal wees en nie slegs die "demokratiese meerderheid" nie. Teen die tyd wat u dit lees, sal seker meer daarvoor bekend wees.

Dit is jammer dat gesprekke oor menswaardigheid, selfs by Christene, nie saaklik kan bly nie en blykbaar op persoonlike vlak uitgebaklei word. Dit wys hoeveel moeite daar nog gedoen moet word voordat ons enigsins naby aan 'n vreedsame samelewing sal kom.

Die kerk se rol

Die NG Kerk het probeer om 'n opbouwende gesprek oor "menswaardigheid" op sy webwerf op gang te bring. Die aanvaarding van ons naaste se menswaardigheid behoort tog ten minste grondliggend te wees aan ons omgang met mekaar as inwoners van dieselfde land. Sonder hierdie aanvaarding sal ook nasiebou nie moontlik wees nie. Maar die volgende kommentaar verskyn nou op die NG Kerk se webwerf:

"Hierdie Gespreksforum (*oor menswaardigheid - HM*) is tans gesluit tot verdere kennisgewing. Die Taakspan vir Menswaardigheid sal aan alternatiewe maniere werk om hierdie belangrike gesprek oor menswaardigheid voort te sit. Dit is vir ons 'n diep en emosionele saak, omdat dit oor mense gaan – mense wat sistemies verontreg word. Ongelukkig het die funksionering van hierdie forum telkens van die doelstelling afgewyk en gelei tot aanvalle op die integriteit van persone wat (in elk geval) nie self deel is van die gesprek nie".

Dit is jammer dat sodanige gesprekke, selfs by Christene, nie saaklik kan bly nie en blykbaar op persoonlike vlak uitgebaklei word. Dit wys hoeveel

moeite daar nog gedoen moet word voordat ons enigszins naby aan 'n vreedsame samelewing sal kom. Daar is 'n reeks oorsake vir die huidige teenstellings (nie net apartheid en kolonialisme nie). Dit sal belangrik wees om hulle te onderken en aan te spreek. Dit sou help as daar lang- en kort-termyn gemeenskaplike doeleindes geïdentifiseer kan word waarna toe die land moet ontwikkel. Dit kan gedoen word op dieselfde manier as waarop die grondwet in 1994 tot stand gekom het.

Daarna kom die moeilikste deel, die politieke bedeling wat dit moet realiseer. Met die huidige middelpuntvlindende kragte in die samelewing sal daar sterk leierskap en besieling nodig wees om almal gerig te hou op die lang-termyn doeleindes.

Dit vra ook selfdiscipline en toesig om die belange van die land en sy mense hoër te ag as jou persoonlike belange as politikus. Voorwaar 'n groot taak, wat die huidige span van ANC-politici nie alleen sal kan uitvoer nie. Wanneer almal hulle laat lei deur die riglyne van die kategismus, sal ons beslis kan vorder op die pad na 'n meer vreedsame samelewing.

Hans Moes is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.

EERSTELINGE van GOD: Onderwys vanuit die Verbond

Boekresensie

Na aanleiding van: ALA Buys.
Eerstelinge van God – Onderwys vanuit die Verbond. Uitgegee deur Boekenhout, Pretoria.

Inleiding

In die Maart-uitgawe van *Kompas* is meegedeel dat die Akademie Reformatoriese Onderwys en Studies (AROS) goedkeuring van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ontvang het om 'n ten volle geakkrediteerde BEd-graad aan te bied. Dit is verblydende nuus. Daar kan nou voortgegaan word met die opleiding van onderwysers vir ons gereformeerde en ander Christelike skole.

Uiteraard sal daar dan ook aandag wees vir die prinsipiële basis van Christelike onderwys. Met die oog hierop het dr ALA Buys in 2010 'n boek uitgegee onder bostaande titel. Dr Buys is teoloog en filosoof, predikant van die Gereformeerde Kerk Innesdal en ook direkteur: Navorsing en Identiteitsontwikkeling van AROS. Dit moet dus

as 'n belangrike boek gesien word.

Aan my is gevra om hierdie boek te resenseer. Ek het gehoop om 'n sterk aanbeveling hiervan te kan publiseer. By lesing en herlesing het ek besef dat die bespreking kritieser sal moet wees as wat ek gedink het. Die boek is sistematies uiteengesit, maar tog redelik moeilik om te lees. Dit is m.i. vanweë die feit dat daar soveel sake aangeroei word en (veral) omdat jy fyn moet oplet watter betekenis dr Buys aan bepaalde woorde en begrippe heg. Dit kan 'n ander betekenis wees (tereg of ten onregte) as wat vroeër geleer is. Daarom moet jy die beskrywing van enkele kernbegrippe wat eers gegee word, mooi lees. En ook veral hoofstuk 1: *Christelike onderwys is deur, uit en tot God*. Die skrywer merk self op: "In hierdie hoofstuk is nou kortliks gestel wat die hooflyne is waarvan die Christelike onderwys vanuit die verbond uitgaan".

Eerstelinge van God

As na die titel en subtitel gekyk word, is daar twee hoofbegrippe waarop gefokus word: *eerstelinge* en *verbond*. Daaromheen en in verband daarmee word egter baie ander sake genoem en omskryf en soms later in die boek breër uitgewerk. Wat word bedoel met *eerstelinge*? Dr Buys omskryf hierdie begrip as volg: "Alles wat die *skepping* voortbring, kom God toe. Dit word die eerstelinge van die verbond genoem. Die mens, wat na die beeld en gelykenis van God gemaak is, is as die primêre eersteling bedoel. Na die sondeval word die eerstelingwerk deur Jesus Christus verrig. God se kinders kry deur Hom deel aan die verbond as eerstelinge. Hulle moet dan nou die skepping en alles wat dit voortbring, aan God toewy". In hoofstuk 1 word insake hierdie begrip verwys na Exodus 13:12 – die eersgeborenes van mense en diere wat aan God gewy moes word. Hierdie bevel

is gegee nadat die eersgeborenes van die Egiptenaars deur die toorn van die HERE omgebring is. Dr Buys skryf dan: "Die eerstelinggedagte dui op die eerste en die beste wat aan God toekom. Daarom is dit die doel van die Christelike onderwys om die nageslag, as vrug van die genade van God, aan God toe te wy. In Christus bring God sy uitverkorenes as sy verbondseerstelinge na Hom toe" (p 11). In die Afrikaanse vertaling word die woord *eersteling* in Exodus 13 gebruik. Maar dit kan ook anders weergegee word. Prof WH Gispen byvoorbeeld maak in die *Christelike Encyclopedie* onderskeid tussen eerstelinge, eersgeborenes en eersgeboortes. Die laaste twee word gebruik in die geval van mense en diere en die eerste woord as dit lewlose besit aandui. In ander konkordante vertalings kan jy vir mense en diere nog wel kry: alles wat die moederskoot open.

'n Mens moet m.i. hier mooi oplet, omdat die omskrywing van dr Buys in 'n sekere verband gebruik word. Die woord *eersteling* word verder in die boek nie so baie gebesig nie, maar is tog van grondliggende betekenis. Dit staan in noue verband met ander begrippe wat vervolgens aan die orde gestel word. Spesifiek, soos dr Buys self aandui, met die skepping van die mens na die beeld van God.

Beeld van God

Die mens is geskep as kind van God (Luk 3:38), as beeld van God. Daar is dus 'n noue verbintenis tussen God en mens. Dr Buys sê hierdie verbintenis is wesenlik (onties) van aard en bepaal die natuur van die mens. Deur die sondeval het hy daardie kindskap verloor, maar deur Christus as persoonlike Verlosser en Koning te bely, kan die mens homself weer kind van God

noem. "Slegs uitverkore kinders van God kan in die verlossing deel" (p13). Vanweë hierdie ontiese aard is die mens dan *eersteling*, bevoorreg bo ander skepsele.

Dr Buys wyk hierin af van wat dikwels onder *beeld van God* verstaan word. Hy gebruik 'n filosofiese begrip: onties. Onder *ontologie* word verstaan die leer van die syn. 'n Woord wat eintlik nie meer in Afrikaans bestaan nie. Ontologie handel oor die vraag na die werklikheid en ook die *sin*, die betekenis van die werklikheid.



Dr Wikus Buys

As ek dit goed verstaan, wil dr Buys sê: die eerste mens was as skepsel reeds beeld van God. Dus nie: hy het die opdrag ontvang om as beeld van God op te tree, dus te handel soos die HERE hom opgedra het, en Hom te verteenwoordig nie. Die voorbeeld van die goewerneur in die koloniale tydperk is dikwels hierby genoem. So 'n persoon moes in sy *amp* die regering in die moederland verteenwoordig, die beeld daarvan vertoon. In die visie van dr Buys gaan m.i. die *ampsgedagte* verlore asook die verantwoordelike plek van die mens binne die verbond.

Oor die verbond

Reeds in hoofstuk 1 betoog dr Buys dat daar 'n verband is

tussen die Skepper en sy skepping, tussen Wie God is en wat Hy spreek. Uit en deur en tot God is alle dinge. Hy is die Skepper. "Hierdie eenheid van alle dinge met mekaar en ten diepste met God word aangedui met die term verbond. Dit is 'n verbinding wat God daarstel met Homself, sy skepping en in besonder met die mens". "God as Vader, Seun en Heilige Gees verbind alle dinge aan Homself. In hierdie verbond het alles 'n eie unieke tyd en plek. Wel gee God voorrang aan sekere aspek-te. God openbaar dat Hy die mens op 'n heel besondere manier aan Homself verbind het deur die mens na sy beeld en gelykenis te skep" (p 13).

Dit moet uiteraard verdere toeligting ontvang. Hoe manifesteer daardie eenheid homself en wat is die konsekwensies daarvan? Wel, dr Buys sê eintlik is daar net een verbond, 'n verbond wat God met Homself gesluit het voor alle eeue – die Vredeverbond of die Vrederaad. "Die vredeverbond is 'n ooreenkoms (raadsbesluit) wat God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees met Homself aangegaan het voordat die hemele en die aarde geskep is" (p 50). Hierdie vrederaad word in die tyd uitgewerk. Die Vader belowe om die uitverkore mense te red. Die Seun is bereidwillig om vlees te word en aktief en passief binne die genadeverbond die voorwaardes van die vredeverbond te vervul. Die Heilige Gees onderneem om die verdienste van die Seun in die lewe van die uitverkorenes toe te pas. In 'n skematiese voorstelling (p 51) word weergegee hoe die uitwerking van die verbond en die verbondsbedelinge is:

VREDEVERBOND

Verbandsbedelinge

- * Skeppingsverbond - Verbond met die hemel(e) en die aarde
 - Adamitiese verbond
 - Eden-verbond
- * Verbond met Noag
- * Verbond met Abraham
- * Sinaïtiese verbond
 - die verbond met Levi wat dui op die ewige priesterskap van Christus
 - die verbond met Dawid wat dui op die ewige koningskap van Christus

NUWE VERBOND met Jesus Christus

Besinning

Vir sommige van die ouer lesers van *Kompas* is hierdie voorstelling moontlik gedeeltelik nog wel bekend, omdat 'n soortgelyke grondskema gedien het as motivering van die leerbeslissings van die Gereformeerde Kerke in Nederland in die veertigerjare van die vorige eeu. Vanweë die binding aan besluite wat op hierdie grondskema gebaseer was, het 'n kerkskeuring gevolg. In die loop van eeue is baie oor hierdie dinge geskryf en verskil. Veral die binding aan sekere besluite het mense uitmekaar gedryf. In vroeëre jare is al hierdie dinge hoofsaaklik verbind aan die heilsleer. Dr Buys bring nou 'n uitbreiding aan. Hy wil daarmee m.i. die kosmiese betekenis beklemtoon van die verskillende deur hom genoemde verbonde, om so te kom tot die betekenis daarvan vir die onderwys. Dan kom dit in pas met sy gedagtes oor die mens wat *as mens* (onties) beeld van God is.

Die woord *verbond* word in die Bybel egter op verskillende maniere gebruik. Daar is sprake van verbonde tussen mense (Dawid en Jonatan) en soms word dit op oordragtelike manier gebruik. In Jesaja 28 word selfs gepraat oor 'n verbond met die dood waarop die mense hulle beroep. Soms word die woord *verbond* gebruik as aanduiding van 'n beslissing, of ook om daarmee 'n verbondsgetuie aan te dui wat dan regstreeks *verbond* genoem word.

Maar die groot hoofsaak is die Verbond (hoofletter) tussen God en die mens wat Hy daartoe roep. Ons kan in die algemeen stel dat in 'n verbond daar altyd minstens twee partye is. En dat daar kenmerke is: beloftes, eise, sanksies (seën of vloek). Die agtergrond van die verbond met die mens is uiteraard die wil van God – sy besluit. Dit is eensydig in sy oprigting, maar tweesydig in sy voortbestaan. Dit funksioneer in die tyd. Onder God se voorsienigheid.

Implikasies vir die onderwys

Uiteraard het dit alles ingrypende konsekwensies vir die onderwys aan ons kinders en ook vir die wetenskap. Die praktyk in Suid-Afrika staan die skrywer sekerlik voor oë. Met baie dinge kan hartlik saamgestem word. Andersyds is die direkte toepassing van sekere sake kenmerkend. Die boek verkondig luidkeels die antitese. Neutrale onderwys is nie moontlik nie. Kinders moet nie net geleer word dat God die hemel en die aarde geskape het nie, maar ook waarom en waartoe. Die kinders kan en moet leer dat die HERE die hemelliggame daargestel het. Maar hulle moet ook geleer word dat die son verduister sal word en die sterre van die hemel sal val. Die geskape dinge het in hulself dus geen ewigheids-waarde nie, maar hulle is ook verganklik.

Baie positiewe dinge kan gesê word. Soms word egter streng konsekwensies getrek.

Ek betwyfel of dit die taak van die paleontologie is om te bewys dat so baie mense in die sondvloed verdrink het. Kom jy dan tog nie by 'n "wetenskap" wat moet bewys dat die Bybel reg is nie?

Verder: die Skrif leer duidelik dat die ouers hulle kinders moet onderrig. Baie ouers sê dat hulle nie daartoe in staat is nie. Daarom rig hulle 'n skoolvereniging op en stig 'n skool. 'n Mens kan soms kritiek hê, maar dit is 'n ernstige poging om op hierdie manier aan die gebod van God gehoor te gee. Dr Buys redeneer: die kinders moet deur Christus Self geleer word en daarom moet die onderwys selfstandig wees. Hy noem die onderwys 'n samelewingsverband. Dit is nogal betwisbaar. Ten slotte: die mens moet in die boek van die natuur lees en daarby bedink dat hy nie net 'n leser nie, maar ook 'n letter in daardie boek is. Dit is 'n *middel* (nie 'n bron nie) om God te leer ken. Dit sal moet gebeur saam met die ander middel: die Woord van God. En die Woord was in die begin. Daardeer is alles in aansyn geroep. Daardeer het die eerste mens sy voorregte en opdragte geleer. Dit is iets anders as 'n *syns-leer*. Die opdragte het gebly en die genade het oorfloediger geword deur ons Here Jesus Christus en die krag van die Heilige Gees.

Klaas Bijzet is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.

BOEKENUUS



Effektiewe gemeentesang / Jacoba van Rooy

Die feit dat nuwe liedboeke in verskeie lande in die wêreld oor die afgelope 30 jaar verskyn het, en dat daar nog steeds aan nuwe bundels gewerk word, is 'n duidelike bewys dat hierdie 'n saak is wat Christene na aan die hart lê. In Nederland byvoorbeeld word daar tans aan 'n nuwe psalmberyming in eietydse Nederlands, en nuwe melodieë in die tradisie van ligte musiek van die afgelope halfeeu, gewerk. Gedurende die afgelope vyf jaar het daar alreeds 'n stuk of ses proefbundels verskyn. In die Sweedse liedboek, wat in 1994 verskyn het, is 'n lied wat in die twaalftoonreeks geskryf is, opgeneem. Ook in Suid-Afrika word daar in die NG Kerk gewerk aan 'n nuwe liedboek met 'n moderne strekking.

Vir die Afrikaanssprekende gemeentes van die GKSA het Sinode 2003 twee liedboeke goedgekeur vir gebruik in die eredienste, naamlik Psalmboek 2000 en Psalmboek 2003. Die Psalmboek 2000 bevat die Skrifberymings van 1937, die Skrifberymings van Totius en enkele ander Skrifberymings wat tot in 2000 goedgekeur is. Die Psalmboek 2003 bevat hiernaas ook die 2001-omdigting en verdere Skrifberymings wat in 2003 aanvaar is.

In 2008 is 'n ondersoek gedoen na gemeentesang in die GKSA-kerkverband. Vir 'n doktorsale studie is 'n vraelys aan predikante, orreliste en lidmate uitgestuur, asook 'n opname gemaak van die liedere wat binne die bestek van 'n jaar in gemeentesang is. Wat Psalmboek 2000 (1936) betref, is bevind dat gemiddeld ongeveer 30% van die boek binne 'n jaar in 'n gemeente gesing is (68 Psalms en 16 Skrifberymings), en van Psalmboek 2003 is ongeveer 33% van die totale aantal liedere gesing (59 Psalms uit die 1936-beryming, 34 Psalms uit die 2001-omdigting en 31 Skrifberymings). Die ondersoek het ook getoon dat sekere Psalms en Skrifberymings gereeld gesing is en ander baie min of glad nie gesing nie. Uit hierdie inligting is dit duidelik dat die liedboeke nie optimaal gebruik word nie, en dat

daar redes gevind moet word waarom die bundels nie beter benut word nie. Leemtes wat aan die lig gekom het, is:

Psalms en Skrifberymings is nie goed genoeg of glad nie ingeoefen nie

Die meeste van die respondente het aangedui dat daar nie 'n program vir die inoefening van gemeentesang is nie. Dit is belangrik dat die lidmate die inhoud van die lied wat gesing word, goed ken, sodat goeie deelname as antwoord op die Woord van God kan plaasvind.

Lidmate is nie altyd ewe goed ingelig oor die rede waarom 'n lied op 'n bepaalde plek in die erediens gesing word nie

As die lidmaat behoorlik vertrou is met hoe 'n lied in die liturgiese struktuur inpas, soos byvoorbeeld of dit deel is van die ontmoeting met God, as antwoord op die Wet van God, as skuldberyming of as antwoord op die prediking, sal hy/sy dit beter verstaan en dienooreenkomstig kan reageer. Die dominee kan ook gerus die inhoud van die Psalm of Skrifberyming verduidelik. Dit maak van 'n onbetrokke gemeente 'n ingeligte, entoesiastiese en deelnemende gemeente!

Predikante is nie goed opgelei in die himnologie nie

Himnologie is die wetenskap wat ten doel het om himnes (die versamelnaam vir verskillende kerkliedere) te versamel, te klassifiseer en filologies-histories te interpreteer. Uit die vraelys wat terugontvang is, het 87% van die predikante te kenne gegee dat hul opleiding in die himnologie onvoldoende was. Die meeste van die respondente het laat blyk dat hulle die meeste geleer het met die sangoefeninge wat tydens die opening van die Teologiese Skool plaasgevind het. Oor die algemeen het predikante weinig musikale agtergrond, en dit bemoeilik die saak van gemeentesang waarin hulle as voorgangers optree.

Liturgiese besonderhede van die erediens bereik nie die orreliste betyds nie

Dit lei daartoe dat die orrelis nie behoorlik kan voorberei nie en uiteindelik nie goeie leiding kan gee met die begeleiding van die gemeentesang nie. In sommige gevalle word 'n melodie of selfs

'n Psalm of Skrifberyming vanaf die kansel gewysig. Dit plaas baie druk op die orrelis en veroorsaak dat hy nie sy taak, naamlik om die gemeente te begelei, na die beste van sy vermoë kan volvoer nie. Daar behoort 'n goeie werksverhouding tussen predikant en orrelis te wees, sodat sake soos byvoorbeeld melodieë of die karakter van liedere (is dit 'n loflied of 'n belydenislied) of selfs die tempo waarteen 'n lied gesing word, vooraf uitgeklaar kan word. Soms is daar verandering in karakter tussen strofes van dieselfde lied. Dit behoort weergegee te word in die begeleiding. 'n Opgeleide orrelis se voor- en naspele pas aan by die tema van die preek, die Skrifgedeelte en die gekose Psalms en Skrifberymings. Daarom is dit noodsaaklik dat die orrelis die liturgiese besonderhede betyds moet kry, sodat daar voldoende tyd is om behoorlik voor te berei vir die erediens. (Uittreksel uit: *Die Kerkblad*, April 2010)

Hierdie boek verskaf waardevolle inligting aan predikante, orreliste, onderwysers asook gewone gemeentelede.
(429 bladsye – R 295)

Bogenoemde boeke is verkrygbaar / kan bestel word by:

www.folmerboek.com

Folmer Boekhandel (Kaapstad)

Proteaweg 95, Proteahoogte, Brackenfell, 7560

Tel: 021 982 1402

e-pos: eendenkooi@telkomsa.net

Folmer Boekhandel (Pretoria)

Laseandralaan 115, Môregloed, 0186

Tel: 012 333 8064

e-pos: folmerpta@telkomsa.net

Petro Drijfhout

folmerboek@telkomsa.net

Tel/faks: 012 543 3597

Reaksie op *Redaksioneel* van Maart 2012

Reaksie

“Daar ontstaan baie meer vrae as antwoorde. Dit sal jammer wees, want die Bybel is nie vol vrae nie, maar vol antwoorde. God het in sy verbond met sy kinders baie beloftes (antwoorde) gegee. Ons moet dit net glo en bly vashou daaraan en gehoorsaam ons pad gaan.”

'n Bejaarde suster het die redaksie se aandag gevestig op 'n artikel van ds JR Visser wat aansluit by die *Redaksioneel* in *Kompas* van Maart 2012. Ds Visser was predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk van Pretoria in die negentigerjare.

Ons haal aan:

“Vrae wat nie uit die Bybel ontleen is nie, sal op die voorgrond tree wanneer die mens al meer in die middelpunt van ons kerklike denke geplaas word. Vrae wat die lees en verstaan van God se Woord net sal bemoeilik. Natuurlik moet daar antwoorde gegee word op vrae wat mense vra. Ons moet weet wat aktueel is in ons tyd en vrae daarvoor kan beantwoord, maar dan moet die antwoorde wat die HERE ons Self in sy Woord gee, genoegsaam wees.

Waarom is die Bybel God se Woord? Waarom is die Bybel die waarheid? Omdat die Heilige Gees die Bybel geskryf en aan ons gegee het. Die Bybel is duidelik, want agter die menslike skrywers was die Heilige Gees aan die werk. Hy het hulle laat skryf wat Hy wou hê hulle moet skryf. Daarom is dit nie bepalend vir die verstaan van die Bybel om te weet hoe die eerste lesers dit verstaan het nie. Die beslissende is wat die Gees sê vanuit die rykdom van God se **hele** Woord. Ons moet ons nie laat verlei om vrae te vra wat ontstaan uit 'n kritiese denke oor die Bybel as God se enigste ware Woord nie. Hierin lê die verskil tussen die ware teologie, die ware lewe vanuit God se Woord en die sogenaamde “wetenskaplike teologie”. In kerk en in wetenskap, in ons hele lewe, is God se Woord die beginsel van die ware wysheid en moet God se eie Woord alle teësprak stuit.

Ons moet ons nie laat mislei deur die vrae van die wêreld se wetenskaplike denke nie, maar ons eerder laat lei deur die HERE en sy onfeilbare Woord.”

(“Mag ik nog herder zijn?” / J R Visser. 1 November 2008)

<http://www.eeninwaarheid.nl>

**Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
Faks 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo (telnr 012 335 9134)

Redaksie:

Prof Hans Boon (eindredakteur)
Douwe Drijfhout
Gerhard Bijker
Marja Danielz
Heleen Snijder

Subredakteurs:

Leer & Lewe:
Roelof de Jong
Venster op die Bybel:
Ds Jopie van der Linden
Wetenskap & Tegnologie:
Johan Bijker
In Pers-pektief:
Hans Moes

Redaksieadres:

19^{de} Laan 560
Rietfontein 0084
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos : R60
RSA per hand : R120
RSA per pos : R160
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

<http://kompas.vgk.org.za/>

*Intekening moet asseblief skriftelik
gekanselleer word.*

 **Hurter Spies** Ing.
prokureurs • attorneys

**Prokureurs, Notarisse en
Aktevervaardigers**

- Eiendomsreg
- Opstel van koopoooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za



★ **UITMUNTENDE KWALITEIT KOFFIE**

BESTEL DIREK VIR GENOT
TUIS OF OP KANTOOR
WWW.PIERRELOTTI.CO.ZA

08600-COFFEE

Sperdatum vir die volgende
uitgawe van *KOMPAS*:

11 Julie 2012

Stuur asb artikels na
kompas@vgk.org.za